# Die gereformeerde leesstof van ons Kaapse voorouers

In die vorming van ons voorouers se lewensbeskouing het die tydsomstandighede en die literatuur van die tyd 'n deurslaggewende rol gespeel. Dit is vandag nie meer moontlik nie om vas te stel tot welke mate Jan van Riebeeck en sy tydgenote wat aan die begin van die tweede helfte van die 17de eeu die Kaapse volksplanting gestig het, bewuste draers van die Calvinistiese erfenis was. Hulle was nie almal Nederlanders nie en lank nie alle Nederlanders was Calviniste nie. Ons weet nie watter leesstof, behalwe die Statebybel, tot hulle beskikking was nie. Ons belangrikste bron uit daardie tyd, die Dagregister van die Kommandeur, werp feitlik geen lig op die vraagstuk nie. Dit is wel waar dat die Nederlands Oosindiese Kompanjie soos ander dergelike ondernemings die kerklike versorging van die eerste nedersetters en die kerstening van die heidene ter plaatse in gedagte gehad het, maar die N.O.I.K. was in die eerste plaas 'n handelsonderneming en daardie motief het dwarsdeur sy bestaan die botoon gevier.

Die vryburgers van die Kaap was sekerlik nie afkomstig uit die gegoede en geletterde burgery van Nederland nie. Hooft en Vondel vind ons nie by hulle nie. Aanvanklik was kerklike bediening wisselvallig en die onderrig van die jeug taamlik elementêr van aard. Eers met die toename van die getal koloniste het kerklike bearbeiding verbeter, maar die onderwys nie. Selfs die koms van die Franse Hugenote wat in die algemeen van sterker Calvinistiese oortuiging was, het geen groot veranderinge meegebring nie. Dit kan egter veilig aangeneem word dat hulle as 'n groep wat terwille van hulle geloof hulle vaderland vaarwel gesê het, 'n sterker Calvinistiese stempel op hulle mede-koloniste afgedruk het. Die Duitse immigrante van die 18de eeu het as individue na die Kaap gekom, hier getrou en maklik met die reeds gevestigde bevolking geassimileer, ook wat hulle lewensbeskouing en kerklike trou betref. Van direkte verkeer met hulle eertydse vaderland was hulle net soos die Hugenote feitlik afgesny. Die enigste geestelike kontak met Europa vir alle klasse koloniste, die stamouers van die Afrikaners, was via Nederland wat 'n oorwegende invloed uitgeoefen het op die vorming van die lewensbeskouing van die 18de eeuse Afrikaners.

Terwyl die rasionalisme in Europa gedurende die 18de eeu die geeste beheers het, ook in Nederland, en selfs die kerk en die teologie binne gedring het, is die Kaapse koloniste tot 'n groot mate van beïnvloeding van buite gevrywaar. Hoe verder die veeboere die binneland ingetrek het, hoe meer het hulle die tydsgees ontsnap en hoe meer het hulle vasgehou aan die oorgeërfde gereformeerde leer en lewensbeskouing. Belangrike faktore wat in hierdie verband 'n rol

gespeel het, was die gebrekkige kommunikasie met Europa, die afwesigheid van 'n drukpers, biblioteke en boekgeleerdheid, die geografiese verspreiding en afgesonderdheid van die boere in die binneland en die afwesigheid van 'n sterk immigrasiestroom uit die buiteland. Nuwe denkbeelde kon nie maklik ingang vind nie behalwe in die onmiddellike omgewing van die Kaap en dan ook eers taamlik laat in die 18de eeu. Die trekboere in die binneland wat die gevare van wilde diere en wilde mense moes verduur, het die Nederlandse Statebybel met sy verklarende aantekeninge as daaglikse metgesel gehad. In hulle stryd om bestaan en op hulle trekpad het die Bybel 'n rigsnoer van die lewe geword. Dit was hulle belangrikste leesstof wat hulle van verwildering bewaar het.

Maar hulle het ook oor ander leesstof beskik, boeke wat nie so algemeen voorgekom het in die Kaapse boekerye waarvan ons kennis dra nie, soos die huisbiblioteek van Adam Tas en die versameling wat deur Von Tessin opgebou is en nog bestaan. Hulle leesstof was uitsluitlik teologies-godsdienstig van aard, alles afkomstig uit dieselfde Nederlandse gereformeerde dampkring. Dit was die werke van die Calvinistiese outeurs van die 17de en begin 18de eeu wat die oud-gereformeerde erfenis lewendig gehou het. Die konserwatiewe inslag by die Afrikaanse volk is seker daardeur versterk, terwyl die pioniersomstandighede van 'n wordende volk wat vir sy voortbestaan moes stry, 'n gunstige bodem gebied het. Hoe groter die afstand wat ons pioniers-voorouers van die Kaap geskei het en hoe verder verwyder van daardie poort tot die Nederlandse teelaarde, hoe sterker hulle afhanklikheid van die weinige skriftelike getuienisse van hulle geloof en hulle verwagting. Die ekstensiewe boerdery het meegebring dat die veeboere ver uitmekaar en ver van die naaste kerklike sentrums gewoon het. Hoogstens met geleentheid van die bediening van die sakramente kon hulle die kerk bywoon terwyl die verste lidmate byna herderloos was. In die omstandighede het die gereformeerde outeurs naas die Bybel 'n belangrike rol gespeel in hulle geestelike lewe. Soos die Bybel die Woord van God vir hulle was, het hulle sy stem ook gehoor in die werke van die outeurs soos in die geloei van die storm en die ritme van die natuur wat allesbepalend was vir hulle daaglikse bestaan. Nog die kerklike, nog die wêreldlike owerheid was in staat om die orde te handhaaf. Hulle moes dit self doen en hulle kinders opvoed in die geloof van die vadere, in die „Vrese van die Here", die kennis van die Bybel en die leer van die Kerk. Die geskrifte van die gereformeerde outeurs wat die Bybel verklaar en toegepas het, was in die omstandighede belangrike hulpmiddele. Daar was stigtelike boeke, preekbundels en 'n liederebundel wat gereeld gebruik is.

Wat die aard van hulle leesstof was, kan ons aflei uit die voorhande eksemplare in die Voortrekkermuseum in Pietermaritzburg en die werke wat in enkele biblioteke of in privaat besit van baie gesinne bewaar word as 'n kosbare erfenis van die verlede. Een van die bekendste outeurs was Ds. Willem Sluyter, 'n volksdigter wat ook bekend was as die „Gelderse Cats". Hy is gebore op 22

Maart 1627 te Neede in Gelderland en op 22-jarige leeftyd ingeskryf as teologiese student te Utrecht waar hy 'n leerling was van die beroemde Gysbert Voet of Voetius. In 1652, dieselfde jaar toe Van Riebeeck aan die Kaap geland het, is hy as predikant bevestig. In Augustus 1652 is hy getroud met Margaretha Sibylla Hoornaert. Sy vrou is oorlede met die geboorte van hulle tweede kind en ds. Sluyter se smart het 'n weerklank in sy latere gedigte gevind. In 1661 het sy eerste bundel stigtelike liedere met musiek verskyn. Dit dra die opskrif „*Psalmen, lofzangen, ende geestelike Liedekens*" en is opgedra aan gravin Charlotte van Limburg en Bronkhorst, eggenote van sy beskermheer. Sy laaste jare is in eensaamheid deurgebring en sy bundel liedere wat die bekendste aan die Kaap was en gesing is op die wysies van bekende psalms was sy „*Buyten-Eensaam Huys – somer en winterleven. Aanwysende, hoe men op een slechte en eensame plaets, buyten op 't lant vergenoegt mag leven, meer dan in 't gewoel van groote aensienlijke steden.*" Dit het in 1668 verskyn en moes veral tot die Kaapse boere in die binneland gespreek het. Sluyter is in 1673 te Zwolle oorlede en sy naam het tot vandag toe nie uitgesterf in Suid-Afrika nie. Sluyter se liedere is eenvoudig maar vroom en hulle spreek die taal van die 17de eeuse gereformeerdes. As 'n man wat die eensaamheid gekies het, was hy bekend weens sy Christelike berusting in teenslae. Hy het sy gemeente leer sing en sy werke was baie gewild, selfs tot diep in die 19de eeu. Sy liederbundels is male sonder tal herdruk en selfs nog in 1839, meer as tweehonderd jaar na sy tyd, het 'n versamelde uitgawe verskyn.

Waar Sluyter getroos het, het ander outeurs 'n strydende volk in die geloof gesterk. 'n Persoon wat veral aandag verdien, was ds. Bernardus Smijtegelt, gebore te Goes op 20 Augustus 1665 en oorlede te Middelburg op 6 Mei 1739. Seelander van gebore, het ook hy soos talle Calvinistiese predikante, sy opleiding te Utrecht ontvang. Hy word in een asem met Brakel, Hellenbroek en Koelman genoem. Hy word gekenmerk deur sy beskeidenheid en terughoudendheid. Die preekbundels wat onder sy naam verskyn het, het hy nie self uitgegee nie, maar is deur ander opgeteken, versamel, en versorg en na sy dood gepubliseer. Verskeie van hulle het baie herdrukke beleef, selfs tot in die 19de eeu. Die bekendste is „*Het gekrookte Riet in 145 predikaetsien over Matth. 12 : 10*" wat in 1744 verskyn het en weer in 1768, terwyl nuwe uitgawes die lig gesien het in 1856 en weer in 1928. Smijtegelt het nooit getrou of die geluk van 'n eie huislike lewe gesmaak nie, maar hy het duisende lesers met sy „sonderlinge" praktiese preke gestig. Sy gewildheid onder die Kaapse pioniers was groot, blykens die baie eksemplare van sy werk wat vandag nog verspreid voorkom. Smijtegelt moet beskou word as 'n piëtis. Hy was 'n troue herder en populêre prediker, wat deur min predikante geëwenaar is. Hy het uit die vuis gepreek, maar sy woorde is getrou opgeteken, veral deur Maria Boter, dertig jaar lank. Hy is ook bekend weens sy verklaring van die Heidelbergse Kategismus.

Veral gewild onder ons voorouers was die werk van Wilhelmus à Brakel. Hy is gebore te Leeuwarden in Januarie 1635 en oorlede te Rotterdam op 30 Oktober 1711. Ook hy was 'n predikant, opgelei te Utrecht. Weens sy beskouinge oor die onafhanklikheid van die kerk het hy met die owerheid gebots, in Leeuwarden sowel as Rotterdam. As voorsitter van die Sinode het hy verklaar dat die owerheid nie die reg het om 'n predikant af te sit nie, en hy het die aanspraak van die stadsregering van Rotterdam om 'n beroep van 'n predikant af te keur, betwis. Met krag het hy die regte van die kerk verdedig. Sy werk was tot in die 20ste eeu gewild weens sy gereformeerde dogmatiek en moraal en sy invloed as geestelike leidsman was groot. Hy was 'n volgeling van die beroemde Voet, hoewel nooit heftig nie. Sy vernaamste werk wat minstens 22 hedrukke beleef het, handel oor „*Redelijke Godtsdienst, in welke de goddelijke waarheden des Genaden-Verbondts worden verklaert, tegen partijen beschermt en tot de practijke aangedrongen ens.*" Dit is uitgegee te Rotterdam, 1700. Skrywer hiervan besit 'n eksemplaar, eienhandig onderteken deur die outeur. Dit dra die datum 1701. Sy werk is gekenmerk deur sy beklemtoning van die praktiese uitlewing van die geloof en die godsaligheid. Hy was 'n talentvolle prediker.

Van die strenge volgelinge van Voet was Abraham Hellenbroek een van die mees vermaarde. Hy is gebore te Amsterdam op 3 Desember 1658 en oorlede te Rotterdam op 16 Desember 1731. Hy het in Leiden gestudeer, eers Wysbegeerte en daarna Teologie. In 1683 is hy as predikant georden. Sy preke is dikwels herdruk en hy het ook groot invloed deur sy katkisasieboek verwerf. Onder die titel „*Voorbeeld der Goddelijke Waarheden voor eenvoudigen die zich bereiden tot de belijdenisse des geloofs,*" uitgegee te Rotterdam 1706, is hierdie katkisasieboek gedurende die 18de eeu op skool in die Kaapkolonie gebruik. Dit het ook in Europa groot opgang gemaak, hoewel dit vandag gekritiseer word omdat dit te min onderrig in die Christelike godsdiens gee en teveel van 'n „miniatuur-dogmatiek" is.

Konrad Mel (1666-1733) wat, hoewel Duitser, in Nederland as teoloog opgelei is, het as predikant in Koerland gestaan. In 1697 het hy hofprediker en hoogleraar in Koningsbergen geword. In 1705 het hy Rektor van die Gimnasium in Hersfeld geword en daar 'n weeshuis opgerig. Hy was 'n warm voorstander van die sending en 'n piëtis. Sy werke is ook in Nederlands vertaal en die bekendste was „*De Lust der Heiligen aan Jehova*". Sowel hierdie werk as sy „*Bazuinen der Ewigheid*" is aan die Kaap gebruik. Hy was 'n bekende, selfs beroemde man, reeds gedurende sy leeftyd en het uitgemunt as kanselredenaar. Sy werke is ook deur die Voortrekkers en hulle voorsate gelees en gebruik.

Alle getuienis dui daarop dat hierdie skrywers taamlik algemeen in die buite-distrikte gelees is. Hulle het ongetwyfed in 'n groot behoefte voorsien en die geestelike vorming van die Afrikaanse volk in sy wordingsperiode diep beïnvloed. Van hierdie outeurs behoort nog heelwat in private besit te wees.

D. W. KRÜGER.

(Gelewer voor G.T.V., Pretoria, 1967).